# DIE VRAAG–EN–ANTWOORDMETODE IN DIE ONDERRING VAN GESKIEDENIS MET BEHULP VAN PRENTMATERIAAL

J.M.L. Horn
Departementshoof: Geskiedenis
Onderwyskollege Goudstad

Vir die Geskiedenisonderwyser is leerlingdeelname tydens 'n Geskiedenisles een van sy grootste ideale. Maar helaas, dit is tegelyk 'n ideaal wat steeds iewers op die horison winkend bly. Om binne die bereik daarvan te kom, verg volhardende bemoeiing met enersyds die leerstof en andersyds die besondere metodologiese beginsels. In Geskiedenis bied die leerstof 'n tergende probleem – dit verskil in sy geheel van feitlik enige ander skoolvak. In sy diepste wese handel die Geskiedenis oor daardie sake wat in die verlede afgespeel het en persone wat meestal reeds oorlede is. Tog staan die Geskiedenisonderwyser voor 'n groot uitdaging, nl. om juis dit wat afgeloop het, te laat herleef en dan op so 'n wyse dat dit duidelik tot die huidige geslag spreek. Nou is dit eenmaal so dat die probleem verder vererger word deur die ontstellende waarheid dat in 'n samelewing wat eerder op die utiliteitswaarde van dinge teer, die opbou van 'n historiese bewussyn nie alte danig die hoogste voorrang geniet nie. In 'n getegnokratiseerde opset is vrae en "lesse" uit die verlede boonop nie eintlik gangbare behoeftes nie.

Die interessante van die hele saak is egter dat Geskiedenis wel ingesluit word in die primêreskoolkurrikulum. Ernstige besinning oor die doelstelling van die onderrig van dié vak wys wel deeglik op die dwingendheid daarvan om die kinders van ons gemeenskap vertroud te maak met die verlede. As die vermaarde historikus Johan Huizinga sê dat 'n studie van Geskiedenis die wyse is waarop 'n kultuurgroep van sy verlede rekenskap gee, en Paul Kruger 'n uitspraak maak te dien effekte dat 'n volk se toekoms op die beste van die verlede gebou moet word, dui die menings van albei die here op 'n oorweldigende waarheid: sonder 'n bewustelike teruggryp na en begryp van die kragte wat vanuit die verlede die hede konstitueer en by implikasie die toekoms (deels) ontwerp, val die deurleefde belewing van die mens se onmiddellike tydruimtelike omgewing met spoed deur die mat.

Die geestelike dimensie van die menslike verlede staan altyd voorop sodra dié verlede voorwerp van studie en bepeinsing word. Vir die Geskiedenisonderwyseropvoeder is dit dan werklik hierdie dimensie wat ter sprake kom by opvoedende onderrig. En hier kom die tweede probleem in die bereiking van sy ideaal, nl. leerlingdeelname, aan die order: die implementering van besondere metodologiese beginsels, veral dié beginsels wat die beste en suksesvolste aanklank by primêreskoolleerlinge vind. Uiteraard sal Geskiedenisaanbieding vir hierdie groep leerlinge hemelsbreed verskil van onderrig aan sekondêreskoolleerlinge. In die primêre skool moet die klem allereers val op die bewusmaking van die verlede en die genot wat kan voortvloei uit 'n studie daarvan. Eksamengerigtheid is veel minder op die voorgrond.

Die belangrikste vraag vir enige Geskiedenisonderwyser sal seker altyd bly: "Hoe bied ek my les aan dat dit tegelyk die leerlinge se historiese begrip bevorder, hulle die inhoudelike help bemeester en les bes, hulle voortdurend aktief hou?" Dit spreek vanself dat dit geen maklike vraag met kitsoplossings is nie. Om die waarheid te sê, hieroor is al by 'n onnoembare hoeveelheid geleenthede menings gewissel. Baie wenke is dan ook aan die hand gedoen – beskamend om in dieselfde asem te sê: baie van hierdie wenke is onnadenkend òf maar bloot genegeer òf as 'n onderwyskundige foefie afgemaak. Seker die onstellendste van die hele saak is die opvatting wat by menige onderwyser bestaan, nl. dat hy klaar geleer het en dat slegs sy eie metode die "regte" een is.

In hierdie referaat gaan dit by uitstek oor prentemateriaal, en dan só dat dit deur middel van die vraag-en-antwoordmetode in 'n lessituasie aangewend kan word om 'n bepaalde lesonderwerp/leerinhoud vir die leerling oop te dek.

Die stelling kan sonder veel vrees vir teenspraak gemaak word dat prente/illustrasies/foto's in handboeke en ook ander historiese werk van die mees onderbenutte verskynsels is. Dit is dikwels so dat die onderrigmoontlikhede daarvan deur die vermaakmoontlikhede oorskadu word. Dit sal ons loon om weer 'n slag met nuwe oë na hierdie weeskind van die onderrig te kyk. Uitgewers en skrywers (ook die van skoolhandboeke wat onlangs verskyn het) doen besondere moeite om skitterende materiaal te produseer. Dink maar in dié verband aan die twee dele van A.J. Boëseken se *Onder Suidersterre*, , W. Grütter en D.J. van Zyl se *Die verhaal van Suid-Afrika*, *Die Erfenisreeks*, en T. Cameron en S.B.Spies se *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Prente hieruit kan met groot vrug gebruik word.

Leerlinge word so dikwels uitgelewer aan die vertellende onderwyser, en sy luistervermoë so oorspan dat van begrypende en begripwekkende aktiewe betrokkenheid nie veel teregkom nie. Dit gaan nie hier om die geringskatting van die rol en effek van die goeie verteller nie, maar eerder om die implementering van ander (ook effektiewe) benaderings. Die goeie onderwyser sal buitendien alle moontlike middele in die werk probeer stel om sukses in die leergebeure te verseker.

Die grootste en belangrikste motivering vir die gebruik van prente is dat die verledegebeure en verledebeelde gekonkretiseer word. Dit gaan tog in die Geskiedenis om die verkryging van 'n historiese bewussyn. As historiese bewussyn nou omskryf kan word as die vermoë om jouself in die verlede terug te verbeel, spreek dit vanself dat prente daartoe bydra om minstens 'n akkurate verbeelding op te bou. So word 'n werklikheidsbeeld vir die leerlinge voorgehou. Wat meer is, visuele voorstellings vergemaklik die leergebeure by primêreskoolleerlinge. Sonder vrees vir teenspraak kan gesê word dat as die leergebeure gepaard kan gaan met genot, suksesvolle leeruitkomste baie na aan gewaarborg is!

Nog 'n belangrike waarde van die gebruik van prente is die moontlikheid om die verlede met die hede to kontrasteer. Sulke kontraste is nie slegs stimulerend nie, dit gee terselfdertyd begrip vir verlede-omstandighede en wat meer is, dit dra by om die leerlinge 'n bepaalde tydsgees indien nie te laat ervaar nie, dan min of meer te laat verstaan.

**Die vraag-en-antwoordmetode en prentemateriaal**

Soos in die geval van prente is die implementering van die vraag-en-antwoordmetode as besondere metode onderbenut of selfs in onbruik.

Laat dit reg aan die begin gesê word: By dié metode gaan dit nie om die toevallige, terloopse vrae gedurende die aanloopfase, middelfase of afloopfase nie. Veral is dit ook nie die stel van vrae om parate kennis te toets nie.

Die basiese uitgangspunt by die vraag-en-antwoordmetode is die veronderstelling dat leerlinge die nodige kennis oor 'n onderwerp kan opdoen en die nodige insigte kan verwerf deur die stel, en beantwoording van vrae binne die les-

situasie. Die hele les ontwikkel dus in die vorm, en deur middel van vrae. Hieruit volg dit dat dit nie slegs die onderwyser is wat vrae stel nie, maar ook die leerlinge vrae aan die onderwyser sowel as aan mekaar kan stel. Die ideaal is dus dat onderwyser én leerlinge aktief by die onderrig- en leergebeure ingeskakel is.

Die volgende faktore moet by die implementering van dié metode in gedagte gehou word.

* Leerstof moet in logiese afdelings verdeel wees; daar moet sekerheid wees oor watter feite die leerlinge moet ken; die verbande tussen sowel die feite as die lesonderdele moet duidelik uitstaan.
* Die onderwyser moet die leerling motiveer en hul nuuskierigheid en weetgierigheid prikkel.
* Die tipe en aard van vrae is belangrik. Vrae moet logieserwys om 'n bepaalde kern/tema gerangskik wees. Dit moet sinvol, stimulerend en sistematies wees ten einde positiewe reaksie by die leerlinge te ontlok.
* Leerlinge kan slegs sinvol meeleef en deelneem as hulle 'n mate van voorkennis van die betrokke onderwerp besit. Die vrae van die vraag-en-antwoordmetode verskil wesentlik van blote hersieningsvrae. By die vraag-en-antwoordmetode gaan dit spesifiek om die opbou van 'n geheelbeeld van 'n bepaalde greep uit die verlede, die vaslegging van onderlinge verbande asook om die vestiging van definitiewe insigte ten opsigte ten opsigte van die lesgeheel.

Die volgende groep prente is saamgestel om 'n les deur middel van die vraag-en-antwoordmetode oor die aankoms en aanvangstydperk van Jan van Riebeeck vir 'n standerd 3-klas aan te bied. Nou is dit so dat haas alle onderwysers se moed by voorbaat in hul skoene sak – *elke jaar land Van Riebeeck.* Die teenpool is egter dat dié standerd 3-leerlinge vir die eerste maal werklik ons volksplanter nader ontmoet. Vanselfsprekend kom hier 'n allerbelangrike eis tot die onderwyser: bied die les so aan dat die leerlinge dit geniet – en van hierdie genot hoef die onderwyser nie kwytgeskeld te wees nie!

Die les dan

As aanloop tot die les kan die volgende radioberig, soos vir 'n Monitor-program, deur middel van 'n bandspeler aan die klas voorgehou word.

**Aankondiger:**
Dit is Radio Londen. Dit is Vrydag 8 Julie 1652. Hier volg die nuus gelees deur John Simpson:

"Die eerste minister van Brittanje, mnr Oliver Cromwell, het vroeg vanoggend aangekondig dat Brittanje oorlog teen Nederland verklaar het. Hierdie verklaring volg op die Slag van Dover in Mei vanjaar. Volgens admiraal Robert Blake, bevelvoerder van die Britse vloot, het die publiek geen rede tot paniek nie, aangesien die Nederlandse vloot feitlik vernietig was in hul vorige botsing met die Britse vloot.

"Ons het berig ontvang dat Jan van Riebeeck drie maande gelede op 6 April 1652 veilig geland het aan die Kaap die Goeie Hoop, die suidelikste punt van die Donker Vasteland. Dit word verwag dat dié onderneming die betrekkinge tussen Brittanje en Nederland verder sal vertroebel."

"Vir nadere besonderhede oor Van Riebeeck se landing skakel ons oor na Jim Solomon, ons spesiale verslaggewer oor ontdekkings en seevaart."

**Nuwe Stem:**
"Jim Solomon: Nuus oor die landing is skaars. Ons het egter 'n kopie van die inskrywing in Van Riebeeck se dagboek bekom wat ek aan ons luisteraars sal voorlees:

Kalm weer met veranderlike wind. Dit was dan die rede dat ons nie juis vordering kon maak nie. Ons het die sloep na die punt van Leeukop gestuur met die bevel om óm die punt te vaar om vas te stel watter skepe – en hoeveel – voor anker in Tafelbaai kon lê.

Hulle het omtrent twee uur voor donker aan boord teruggekeer en gerapporteer dat daar geen skepe was nie.

Het vanaand ons kaptein opdrag gegee om vroeg môreoggend aan land te gaan om vas te stel of daar enige briewe was wat deur vorige skepe daar begrawe kon wees. Ons was vir langer as drie en 'n half maande op see met geen verversings nie. Gevolglik het die manne se gesondheid versleg. Beveel daarom die manne om 'n maal van vars vis voor te berei."

**Aankondiger:**
Dit is die einde van die nuus. Skakel weer môre-oggend om 11-uur in na ons uitsending.

Die volgende vragies word hieruit afgelei:

* Watter twee lande het teen mekaar oorlog gemaak?
* Wie het aan die Kaap geland?
* Wat het hy geskryf waaruit Jim Solomon gelees het?

'n Bespreking van die antwoord kan lei tot drie sake:

* oorlog
* Jan van Riebeeck
* dagboek

Vervolgens word die volgende transparante op die truprojektor geplaas.

**Prent 1**



* Watter dier sien julle op die agterkant van die skip?
* Wat dink jy nou is die naam van die skip?
* Wat is die belangrikste eienskap van die skip?
* Hoe verskil dié skip van 'n moderne skip?
* Hoe lank het 'n seereis tussen Texel en die Kaap in 1652 geduur?
* Hoe lank duur so 'n seereis deesdae?
* Kan ons dié afstand vandag gouer aflê? (Met dié vraag word verlede en hede gekontrasteer en 'n historiese ontwikkelingslyn deurgetrek.)

**PRENT 2**




**VRAE**

* Neem die man afskeid van sy vrou of word hy verwelkom?
* Wat is die rede vir jou antwoord?
* Uit watter land vertrek die skip?
* Wat is die naam van die hawe?
* Wat se vierkantige blokkies sien ons aan die kant van die skip?
* Dink julle dit is 'n oorlogskip?
* Waarom was kanonne nodig?

**PRENTE 3 en 4**





**VRAE (Prente 3 en 4)**

* Wat is eienaardig omtrent die kleredrag van die mense op die prent
* Waarom dra ons nie vandag meer sulke klere nie?

**VRAE (Prent 3)**

* Wie se huis sien ons hier?
* Aan wie behoort dit nou?
* Hoekom het ons dit gerestoureer?

**VRAE (Prent 4)**

* Wie is die mense?
* Waar staan hulle?
* Watter berg is in die agtergrond?
* Sou daar al enige geboue aan die voet van die berge wees?
* Wat is die rede vir jou antwoord op die vorige vrae?
* Dink julle die mense lyk bekommerd? Waarom sê julle so?

**PRENT 5**



* Wie is die mense op die prent?
* Wie hou die boompie vas?
* Wie dink julle het die gat gegrawe?
* Wat is die rede vir jou antwoord? Kyk na die kleredrag!
* Waarom dink julle plant hy 'n boompie?

**PRENT 6**




* Watter land se vlag is op die prent? Waarom sê julle so?
* Wie sou die mense aan die linkerkant wees?
* En die ander groepie?
* Watter verskille sien julle tussen die Hollanders en die Khoikhoi?

**PRENT 7**



* Watter berg is in die agtergrond?
* Waarmee is die mans besig?
* Waar kry hulle die hout?
* Wie is die mans?
* Het hulle arbeiders?
* Waarom nie?
* Bou ons vandag ook ons huise so?

**PRENT 8**




Plan van die Fort en die Kompanjiestuin aan die Kaap
V.O.C. Binneplein van die fort Goede Hoope

A Wonings binne die fort
B Vier bastions van die fort
C Grag
D Horingwerk voor die fort
E Smidswinkel
F Kraal – ook in die vorm van 'n horingwerk om die beeste snags te beskerm
G Stalle
H Varswaterriviere
IJ Kompanjiestuine – bewerk en met vrugtebome

* Wat is 'n fort?
* Waarom het Van Riebeeck 'n fort gebou?
* Wat merk juille op in verband met die loop van die rivier?
* Wat is 'n grag?
* Daar kon slegs oor 'n ophaalbrug in die fort gekom word. Waarom?
* Sou die fort vandag nog veilig in oorlogstyd wees?
* Waarom is 'n kraal gebou?
* Waar het die Hollanders vee gekry?
* Waarom is die fort naby 'n rivier gebou?
* Waarom is 'n kompanjiestuin aangelê?

Aan die einde van die les word 'n lesskema op die truprojektor geplaas. Dié skema word vooraf opgestel deur geantisipeerde antwoorde op die verskeie vragies wat die leerlinge moes beantwoord. Sodoende word vaslegging by wyse van hersiening gedoen en kry die leerlinge die geleentheid om die tersaaklike lesinhoud met een oogopslag waar te neem en in hul werkboeke te kopieer.

**Die lesskema**

JAN VAN RIEBEECK SE LANDING AAN DIE KAAP

1. VERTREK: Texel (Nederland)
   Drommedaris (ander skepe?)

2. REIS: lank en gevaarlik
   3½ maande
   skepe van kanonne voorsien
   – verdediging = seerowers
   = Engelse

3. AANKOMS: veilig
   ondersoek gebied
   Nederlandse vlag
   plant boompie

4. PLIGTE: huise vir manskappe
   fort (veiligheid/verdediging)
   veeruil (kraal)
   vars water (naby rivier)
   groente/vrugte (Kompanjiestuin)
   dagboek

5. VAN RIEBEECK SE NAGEDAGTENIS: planmatig
   georganiseerd
   gelowig (gebed)


* Watter land se vlag is op die prent? Waarom sê julle so?
* Wie sou die mense aan die linkerkant wees?
* En die ander groepie?
* Watter verskille sien julle tussen die Hollanders en die Khoikhoi?

**PRENT 7**



* Watter berg is in die agtergrond?
* Waarmee is die mans besig?
* Waar kry hulle die hout?
* Wie is die mans?
* Het hulle arbeiders?
* Waarom nie?
* Bou ons vandag ook ons huise so?

**PRENT 8**




Plan van die Fort en die Kompanjiestuin aan die Kaap
V.O.C. Binneplein van die fort Goede Hoope

A Wonings binne die fort
B Vier bastions van die fort
C Grag
D Horingwerk voor die fort
E Smidswinkel
F Kraal – ook in die vorm van 'n horingwerk om die beeste snags te beskerm
G Stalle
H Varswaterriviere
IJ Kompanjiestuine – bewerk en met vrugtebome

* Wat is 'n fort?
* Waarom het Van Riebeeck 'n fort gebou?
* Wat merk juille op in verband met die loop van die rivier?
* Wat is 'n grag?
* Daar kon slegs oor 'n ophaalbrug in die fort gekom word. Waarom?
* Sou die fort vandag nog veilig in oorlogstyd wees?
* Waarom is 'n kraal gebou?
* Waar het die Hollanders vee gekry?
* Waarom is die fort naby 'n rivier gebou?
* Waarom is 'n kompanjiestuin aangelê?

Aan die einde van die les word 'n lesskema op die truprojektor geplaas. Dié skema word vooraf opgestel deur geantisipeerde antwoorde op die verskeie vragies wat die leerlinge moes beantwoord. Sodoende word vaslegging by wyse van hersiening gedoen en kry die leerlinge die geleentheid om die tersaaklike lesinhoud met een oogopslag waar te neem en in hul werkboeke te kopieer.

**Die lesskema**

JAN VAN RIEBEECK SE LANDING AAN DIE KAAP

1. VERTREK: Texel (Nederland)
   Drommedaris (ander skepe?)

2. REIS: lank en gevaarlik
   3½ maande
   skepe van kanonne voorsien
   – verdediging = seerowers
   = Engelse

3. AANKOMS: veilig
   ondersoek gebied
   Nederlandse vlag
   plant boompie

4. PLIGTE: huise vir manskappe
   fort (veiligheid/verdediging)
   veeruil (kraal)
   vars water (naby rivier)
   groente/vrugte (Kompanjiestuin)
   dagboek

5. VAN RIEBEECK SE NAGEDAGTENIS: planmatig
   georganiseerd
   gelowig (gebed)

* Verandering kan opgeteken word en kan dan gebruik word om mense te laat besef waarom daar verandering plaasvind
* Prent- en fotomateriaal sal hier baie gebruik kan word.

**3 Aaneenlopenheid van die menslike lewe**

3.1 Die Familie (Stamboom)

3.2 Die Dorp plus Land

3.3 Viering van Vakansiedae

**4 Die Verlede**

4.1 Mense as bronne (onderhoudvoering)

4.2 Voorwerpe as bronne

**5 Metode van die historikus**

5.1 Identifisering van die probleem (Hoe het Oupa sy tyd omgekry voordat daar TV was)

5.2 Inligting versamel (Onderhoudvoering)

5.3 Data te oorweeg (Verskillende se bydraes met mekaar te vergelyk)

5.4 Sintese

Ten slotte is dit ook belangrik om sekere opvattings i.v.m. Geskiedenis te stel:

a) Geskiedenis moet nie beskou word as 'n liggaam van kennis wat eenvoudig geleer moet word nie; dit is veel eerder 'n benadering tot kennis.
b) Geskiedenis is 'n aktiwiteit van versameling van inligting oor die verlede.
c) Die grond - of boustowwe van geskiedenis is die getuienis wat bewaar gebly het uit die verlede. Getuienis is 'n magdom van verskeie stowwe - primêre en sekondêre bronne, prente, artefakte geboue en geskrewe dokument.
d) Die proses van inligtingversameling is 'n aktiewe een en dit behels die drie vrae* Wat het gebeur? Wanneer het dit gebeur? Waarom het dit gebeur?
e) Geskiedenis is 'n aktiwiteit van ondersoek omtrent verandering in menslike aktiwiteit wat plaasvind binne 'n tydskonteks, *Geskiedenis gaan oor die mense en wat hulle gesê en gedoen het in die verlede.*

Kom ons wend 'n grootse poging aan sodat die geskiedenis in ons skole aangebied word.

## BRONNELYS:


Ballard,M.(edit): *New Movement in the study and teaching of history.* London,1970

Blyth, J: *Place and Time with children Five to Nine.* London,1984.
Joubert,J.J: Van die bekende na die onbekende. *Die Unie,* Desember 1984, Jaargang 81, No.6.

Mays,P.: *Teaching Children through the Environment.* London, 1985.

Oosthuizen,C.: *Understanding history Method.* Johannesburg,1982.

Seefeldt,C.: *Social Studies for the Preschool- Primary Child.* Ohio, 1977.

Snellgrove,L.E.: *History Around You.* Edinburgh, 1985
Van Jaarsveld,F.A.: *Probleme by die onderrig van Geskiedenis* Pretoria,1976.